DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

**21 Mei 2023**

**EREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Psalm 139

**Tema** ***Ons lewe van geboorte tot by ons dood onder ons Vader se oë.***

**Sang**
Psalm 84: 1, 2
Skrifberyming 12-2: 4, 5
Psalm 38: 1, 17
Lied 255: 1, 2
Psalm 105: 5
Psalm 139: 7, 8, 9

In Psalm 139 besing Dawid die Here se alwetendheid. Hoe meer hy daaroor nadink dat die Here hom deur en deur ken, hoe meer staan hy verwonderd. Sy sit en opstaan, sy gaan en lê, die woorde op sy lippe en selfs die gedagtes agter sy woorde lê oop voor die Here. Dawid loof God omdat Hy hom so kunstig gemaak het. Dawid verbly hom intens oor alles wat die Here in sy lewe doen. Toeval bestaan nie. Elke lewensdag is in ewigheid reeds vasgestel. Dit is heerlik om oor God se grootheid te kan dink en sing.

Ons kan oor nog baie meer jubel as wat die koning van die Ou Testament kon doen. Ons prys God oor die verlossing wat daar in Christus is. Ons dank die Vader vir sy Gees wat in ons woon en werk. Ons aanbid God Drie-enig in die voortgang van sy werke. Met sulke lof en dank het Dawid hom lewenslank besig gehou. Wonderbaarlik hoe kunstig-keurig hoe ons gemaak is! Ons staan saam met Dawid verbyster oor die mens as unieke maaksel van God: 'n verstommende skeppingswonder wat aan die lig getree het uit die wonderlike maakwerk van die lewende God. Die gedig is 'n loflied op die wonder van die mens se word en wees: van my vrugbegin, en lank vóór dit al – ken die Here my. In my selle sit die fyn werk van goddelike kunsborduursel (vs 15).

Dawid besef: hy is nie sommer maar net nie. Besef jy jy is nie sommer maar net nie, nie maar net deur die sameloop van omstandighede in die sisteem van die natuur voortgebring nie? Van jou is geweet voor jy en jou ouers van jou geweet het. Jy is ontwerp, jy met jou eie uniekheid. Daar was nog net een jy, en daar sal nooit nog 'n jy wees nie. En verder: Die Verbondsgod het my nie net beplan, geweef en klaargekry nie, maar Hy verbind Homself steeds in lewende verbondsgemeenskap aan my. Die doop bevestig dit vandag weer. Al my dae, in my sondegebrokenheid, verloop deur my nuutwees in Christus steeds onder die beskikkende wil van God. Al my dae is in sy boekrol van goddelike besluite opgeskryf. Ek bly vir ewig sy misterie-mooi maaksel! Ons moet die Here elke dag daarvoor prys.

## OOG VIR MEKAAR




* Baie geluk aan JP en Lilian Ferns met die doop van Malan. Baie geluk aan die oupas en oumas en die oumagrootjies.

* Ons bid vir Lynn O'Reilly wat in die Wilgers herstel na die operasie om 'n kwaadaardige gewas te verwyder. Ons bid vir geestelike en liggaamlike beterskap. Baie sterkte aan die kinders wat ondersteuning gee.

* Ons is dankbaar dat Harriet Kruger tuis is na die knievervanging. Ons is bid dat die pyn vinnig minder sal wees en die beweging al beter. Sterkte Marius met die versorging.

* Ons is saam met Sandra en Sieg Venter dankbaar dat daar beterskap by Sandra is. Ons bid vir goeie herstel voordat julle die terugtog na Botswana aanpak.

* Tialeen bedank die susters vir die pragtige blomme wat sy van julle ontvang het. Ons is dankbaar dat sy op die herstelpad is.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 21 Mei 2023

**Diensbeurt:** Wyk 2 **Katkisasie:** Les 11
**Ouderling:** Andre Bakker **Diaken:** Jaun vd Merwe

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien na die erediens. Susters sal nie meer genomineer word om na eredienste koffie en tee te bedien nie.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (So) 21 Mei | Na erediens | *Kerk* | Aktiwiteitskommissie |
| (Ma) 22 Mei | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| (Di) 23 Mei | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Di) 23 Mei | 18:00 | *Kerk* | Bedieningskommissie |
| (Wo) 24 Mei | 18:30 | *Kerrk* | Bybelstudie |
| (Vr) 26 Mei | 18:00 | *Kerk* | Sop & Sjerrie aand |




# KALENDER




| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Datum*** | ***Naam*** | ***Ouderdom*** | ***Belydend / Doop*** | ***Sel/Tel no.*** |
| (So) 21 Mei | **Peter Snyman** * | **79** | B | 084 601 1250 |
| | Dienie Landman | 68 | B | 072 073 8131 |
| | Kobie Botha | 54 | B | 082 457 3908 |
| | Jaco Pelser | 40 | B | 079 739 8086 |
| (Di) 23 Mei | **Elizabeth Odendaal** ** | **81** | B | 064 857 8199 |
| (Do) 25 Mei | **Kotie Erasmus** ** | **81** | B | 082 651 6301 |
| | Anna-Mart Maré | 36 | B | 082 318 7263 |
| | Ruben v Ree | 18 | B | 082 672 2511 |
| (Sa) 27 Mei | Marelie Fick | 42 | B | 078 446 2165 |
| | Su-Marie Stander | 36 | B | 074 580 3739 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| (So) 21 Mei 2022 | Nico & Annelie Coetsee | 1 | 076 785 6161<br>064 901 7638 |
| (So) 21 Mei 2022 | Nico & Ina-Mari Swanepoel | 1 | 073 177 7632<br>082 888 9236 |

# KOLLEKTES

**Kollektes Mei 2023**



**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**7 Mei Proponente Hulpfonds**~~
~~**14 Mei Instituut vir Christelike Onderwys**~~
**21 Mei Emeritaatsversorging**

**“n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Sing ‘n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot eer van die Here, almal op aarde! Sing tot eer van die Here, prys sy Naam, verkondig elke dag sy reddingsdade!**

**Psalm 96:1 en 2**

# SUSTERS AKSIE (SOP-EN-SJERRIE-AAND)

## *Die susters bied op 26 Mei om 18:00 'n Sop-en-Sjerrie-aand aan.*



Kom kuier en eet saam aan 'n verskeidenheid **heerlike soppe uit ons eie Dopper-kombuise.**

***Jou toegang vir hierdie aand is slegs JOU gunsteling pot sop. As jy tuis gemaakte konfyt het, bring saam sodat ons dit kan proe.***

***Skryf jou naam op die lys agter in die portaal*** as jy die onvergeetlike aand gaan bywoon en dui ook aan as jy jou gunsteling sop vir ons gaan maak.

***Onthou asb ook om jou eie eetgerei saam te bring.*** Sjerrie sal verskaf word, jy's welkom om ook jou eie drinkgoed saam te bring.

'n Donasiekassie sal ook beskikbaar wees vir die wat 'n donasie wil maak in plaas van om 'n pot sop te bring.

***Ons sien daarna uit om met almal 'n broodtjie te breek en lekker saam te kuier.***

# NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:

**Nagmaal sal op 11 Junie 2023 om 09:30 plaasvind.**

Lidmate **MOET** kennis neem dat daar slegs **EEN** diens sal wees.

**Lidmate wat Nagmaal aan tafel wil gebruik sal dit kan doen, daar sal 'n tafel soos voor die Covid tydperk beskikbaar wees.**




Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.

# EFT BYDRAES

**Lidmate om asb kennis te neem van die volgende :**
Lidmate wat kerklike **bydraes per EFT oorsplasing maak MOET asb hulle verwysing as volg voltooi,** plaas jou naam en wyk nommer asook of die betaling vir kerkkas bydraes is of diakonie ens **(Voorbeeld : N Kotze W1 Kerkkas)**
Dit gebeur gereeld dat inbetalings per EFT gedoen word en as verwysing word slegs Kerkkas / bydraes of diakonie gegee en daar is geen aanduiding wie die betaling gemaak het. **Dit maak dit problematies om die fondse korrek te pos teenoor lidmate.**

# SKOLIESKAMP




Skryf hier in: [https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfh4AvdQv8ZEzQtYoPP1JffcCCbRzJMwC22JpXqS20k_Kvg6A/viewform](https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfh4AvdQv8ZEzQtYoPP1JffcCCbRzJMwC22JpXqS20k_Kvg6A/viewform)

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Nie gemaak om alleen te staan nie:**

**Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand dit is die belangrikste en eerste gebod. En die tweede wat hieraan gelyk staan is: "Jy moet jou naaste liefhê soos jou self".**

**Mat. 22:37-39**



**Laat ons Sout & Lig**

**in hierdie wêreld wees**

**Die opdrag om lief te hê…**

**Baie mense voel geïsoleerd en eensaam, verstote en verlate**

**'n Opdrag van Jesus self: wees lief vir jou naaste**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Prediker 4:9

**Twee is beter as een....**
**...as hulle val, kan die een sy maat ophelp**

## Hebreërs 13:1

**Die broerderliefde moet bly! Moenie versuim om gasvry te wees nie, want hierdeur het sommige, sonder dat hulle dit weet, engele as gaste ontvang.**



## Praat saam….

**Galasiërs 6:2**

**Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus**

**Wie ken jy wat alleen is?**
**Begin deur te bid vir die persoon,**
**‘n boodskap te stuur, ‘n besoek te af te lê ,**
**of geselsie te maak.**
**Wie staan alleen by die kerk?**
**Nooi die persoon saam Bybelstudie toe.**
**Gesels saam en nooi hul vir koffie of ete.**

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

**Kerkkantoor**
Faksnommer

**Webwerf**
www.gereformeerd.co.za

**Bankbesonderhede**
Kerkkas

Diakonie

Koningskinders

Geref. Susters Org. Pietersburg

Aktiwiteitskommissie

Nantes Kotze
(015) 296 0054 (Tel/Faks)
086 293 4674 (Faks)
E-pos :
admin@gereformeerd.co.za
Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens

ABSA Tak 334-248
Tjekrek 11-5034-0426

ABSA Tak 632-005
Tjekrek 11-5034-1287

ABSA Tak 632-005
Geldmarkrek 91-9071-1847

ABSA Tak 632-005
Tjekrek 11-5034-0191

ABSA Tak 632-005
Tjekrek 40-6962-4784

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

*Here, U ondersoek my*
*en U ken my.*
*2U is die een wat my sit en opstaan ken;*
*U verstaan van ver af*
*wat ek in gedagte het.*

*Psalm 139: 1(b) & 2*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**